**Bridget Machaka***

Op Wêreldkinderdag (20 November) moet ons onthou dat baie Suid-Afrikaanse kinders se grootwordjare deur vrees, geweld en stilte onderbreek word. Te veel van hulle ervaar seksuele uitbuiting, huishoudelike mishandeling en geslagsgebaseerde geweld (GBG) in die plekke wat bedoel is om hulle te koester: huise, skole en woonbuurte. As ons kinderregte wil eerbiedig, kan ons nie wag nie. Ons moet optree.

**Krisis**

Die omvang van die geweld teen kinders in Suid-Afrika is skokkend. Die joernalis Yasmine Jacobs het onlangs vir *IOL* berig dat 1 656 kinders na raming in die tydperk 2023-2024 vermoor is. Die digitale joernalis Xolile Mtembu het in *The Star* berig dat 314 kinders net tussen Januarie en Maart 2025 vermoor is. Intussen waarsku dr Guru Kistnasamy, ʼn sielkundige, dat "een uit elke drie kinders" voor die ouderdom van 18 fisiese of seksuele geweld ervaar. Tóg kan selfs hierdie verskriklike syfers ʼn onderskatting van die krisis wees. Die statistieke self is onvolledig en word betwis. Daar is onlangs in *TimesLIVE* berig dat die Suid-Afrikaanse Polisiediens van die misdaaddata oor vroue en kinders weens "duplikasies en teenstrydighede" onttrek het. Sonder akkurate en deursigtige data bly ons in die duister oor die ware omvang van die skade.

Kinders is van volwassenes vir beskerming afhanklik en kan dikwels nie hulle stem laat hoor nie. Die oortreders is dikwels mense wat hulle ken: familielede, bure en skoolpersoneellede. ʼn Onlangse verklaring van die regering wys op ʼn kommerwekkende neiging: sommige ouers wat hulle eie kinders kommersieel uitbuit. Die huis is nie altyd ʼn veilige hawe nie. Kinders se fisiese, emosionele en kognitiewe ontwikkeling maak die gevolge van geweld selfs erger: trauma, skoolverlating, vroeë swangerskap, voorkombare siektes, verlore geleenthede en lewenslange letsels.

**Wette en beleide**

Suid-Afrika se wette en beleide lyk op papier relatief gevorderd. Die Kinderwet (Wet 38 van 2005) stippel byvoorbeeld omvattende kinderbeskermingsregte uit, terwyl die Grondwet, ons hoogste wet, kinders se reg op veiligheid en beskerming in Art. 28 verskans. Die Nasionale Strategiese Plan vir Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord maak vir ʼn multisektorale reaksie voorsiening, met toegewyde finansiering, slagofferondersteuningsdienste en sorgsentrums wat ten doel het om geweld teen vroue en kinders aan te pak.

Buite ons grense is Suid-Afrika ook ʼn ondertekenaar van belangrike internasionale instrumente soos die VN-konvensie oor die Regte van die Kind (Art. 19 en 34) en die Afrika-handves oor die Regte en Welsyn van die Kind (Art. 16), wat albei sterk maatreëls vereis om misbruik te voorkom en daarop te reageer. Desondanks word gapings nie oorbrug nie. Implementering bly ongelyk, daar is nie genoeg hulpbronne nie, en koördinering oor kritieke sektore heen – die polisie, maatskaplike ontwikkeling, onderwys en gesondheid – is swak.

**Programme**

Daar is verskeie programme wat ten doel het om kinders te beskerm en op geweld te reageer. Dit sluit in:

- Die "Isibindi"-model van Childline Suid-Afrika wat opleiding aan gemeenskapsgebaseerde kinder- en jeugsorgwerkers bied om kwesbare kinders in terapeutiese, plaaslike omgewings te ondersteun.
- Die Saartjie Baartman-sentrum vir Vroue en Kinders wat hulplyne, skuiling en psigososiale ondersteuning bied vir kinders wat deur GBG geraak word.
- Die nasionale 24-uur GBG-bevelsentrum, wat onmiddellike berading en verwysing vir slagoffers van GBG en kinders bied.
- Die Generation Gender South Africa-koalisie wat tans ’n app vir GBG-gevallemonitering van stapel stuur om toegang tot geregtigheid vir slagoffers te verbeter.

Hierdie pogings maak saak, maar voorkoming moet plaasvind voordat geweld in huise en skole voorkom en herstellende ondersteuning moet volgehou word.

**Optrede**
So, wat kan ons doen om geweld teen kinders te voorkom?

Ons moet ten eerste data uitbou en aanspreeklikheid versterk. Betroubare statistieke oor die viktimisering van kinders is noodsaaklik om vordering te meet en instellings aanspreeklik te hou.

Tweedens moet ons van elke instelling ’n beskermende omgewing vir kinders maak. Skole moet oor aanmeldingsprotokolle, opgeleide personeel, veiligeruimte-meganismes en digitale veiligheidsopleiding beskik. Gesinne en versorgers moet toegang hê tot ouerskapsprogramme, vroeë intervensiedienste en psigososiale ondersteuning, veral in gemeenskappe met ’n hoë risiko. Die regstelsel moet sake bespoedig waarby kinders betrokke is, kindervriendelike hofprosesse verseker en eers die rehabilitasie van oortreders waarborg wanneer slagoffers en gemeenskappe veilig is.

Derdens moet ons van retoriek na gemeenskapsgebaseerde voorkoming beweeg. Optrede op voetsoolvlak is die sleutel: gemeenskapsgesprekke, opvoeding oor instemming, mentorskap en veilige kanale vir kinders om hulle stem te laat hoor. Voorkoming is altyd goedkoper, minder traumaties en doeltreffender as om op skade te reageer.

Vierdens moet ons bepaal of ons huidige strawwe voldoende is. Suid-Afrika het die doodstraf in 1995 afgeskaf. Dié besluit was op die grondwetlike waardes van waardigheid en die reg op lewe gegrond. Tóg, as ons vandag voor die meedoënlose brutaliteit van geweld teen kinders te staan kom, moet ons onsself afvra of ons regstelsel steeds die erns van hierdie misdade weerspieël? Wanneer kinders verkrag, gemartel en vermoor word, is die gevolge permanent. Gesinne leef met hulle eie lewenslange vonnisse, terwyl plegers van selfs die gruwelikste misdade eendag na gemeenskappe kan terugkeer.

Dis tyd om ’n eerlike, bewysgebaseerde nasionale gesprek te begin oor die vraag of die huidige vonnisopleggingsraamwerk voldoende is om uiterste vorme van geweld teen

kinders af te skrik en te straf. Vir sommige sluit dit die heroorweging van die doodstraf vir die mees flagrante kinderverwante misdade in. Dis belangrik dat ’n kind se lewe die hoogs moontlike waarde ingevolge die reg moet geniet. Suid-Afrika kan nie straffeloosheid of toegeeflikheid toelaat waar kinders betrokke is nie.

Kom ons onthou op hierdie Wêreldkinderdag die kinders wie se lewe onderbreek word, die meisies wat te bang is om huis toe te loop, en die seuns wat mishandel word. Kinderjare word gesteel en kinders se toekoms word duister. Hierdie besinning moet ons gedeelde belofte aanvuur: om kinderregte te beskerm en seker te maak dat geen kind aan geweldpleging blootgestel word nie.

*** Dr Bridget Machaka is ’n nadoktorale navorsingsgenoot in die Departement Privaatreg aan die Universiteit Stellenbosch.**